Ges. 3: 3, 4.
" 50: 2.
Ges. 46: 12, 13, 14.
(Doop: Ges. 94: 2.3)

Dank & Dien:
Joh. 12: 1-11
(Hackendyk)

L

a | Kp 6.3.60

R. Oos 1 Maart '53
Herv. Kapel, Potch 23.2.58
Doop: Mt 21:15 + 16.
Nonwaal 29 Mrt 53
Potch. 20 Febr. 55.

Joh. 12: 3 – En Maria het 'n pond egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare. En d. huis het vol geword m.d. reuk v.d. salf.

In 'n sekere gietery was 'n klomp werksmanne op 'n gerie dag besig om 'n Ktusbeeld te giet. ~~van Christus~~. By d. smeltoond het 'n jong man gestaan in wie se hart daar 'n groot liefde vir Xtus gegloei het. Net voordat d. beeld gegiet sou word het hy stilletjies en – soos hy gereken het onopgemerk – iets in d. gloeiënde metaalmengsel ingegooi. Hy is egter gesien en toe hy tot verantwoording geroep is oor sy daad het hy bely: „Ek wou so graag iets bydra om d. glans & d. heerlikhd v.d. Xtusbeeld te verhoog & het daarom al my goud in gesmelte gegooi!"

En waar ons v.tm by Xtus se lydensweg stilstaan by 'n daad wat ook d. glans & d. heerlikhd v.d. beeld v Xtus wou verhoog, mag ons behandeling elke aanbidder in hd. Godshuis altoe bring om ook ~~te~~ offer die fyn goud – nie d. vuil goud v.d. wêreld – dinge – m. d. fyngoud van eie siel & lewe!

// Xtus nader Jerusalem // Sy pad gaan oor Bethanië – plek van ryk herinneringe, van afsondering & rus, van ~~liefde~~ geselskap & warmte, van baie lief & bitter leed!

a) Hy het behoefte om versterk te

word i/d hartlikhd v dd- vriendskap
vandat hy uitsee i/d haatlikhd v.d. vyandskap
bi Mr. Hy weet & wil dat Hy hd. geleentheid
bied aan 'n groepie mense wat Hom hulle
dank & hulde wil bring : Simon – Martha
Lazarus – Maria! Elkeen sou dit bring
op sy eie manier : (Kan ons kyk na d. gaste)

① Simon: die melaatse : nie Simon die
Fariseër : in sy huis ook so 'n maaltyd gegee.
'n vrou ook Xtus kom salf – mr. hoe anders
was dit in sy hart gesteld as m. Simon –
d. melaatse – mr. nou nie meer melaats
nie! Hoe moes hd. man – 'n banneling,
'n verworpeling uit d. gemeenskap – nie ge-
smag het na 'n geleentheid om d. jugende
dank van sy hart te kan betuig vir d.
feit dat Xtus hom weer deur sy gesondheid
herstel het in eer en aansien!
– Was nie maklik : doen dit i/d gesig
v.d. felle haat v Xtus se vyande. Hy kon
uit vir Xtus in tyd toe baie ander hom i/d
steek laat! Deel so in d. smaad v. Xtus!

② Lazarus: d. man uit d. graf – watter
geweldige & aangrypende drama het hom
daar i/d stille Bethanië afgespeel m. Laz.
se siekte, sy dood en sy opstanding na
4 dae i/d graf! die stille, woordelose – En hier sit hy nou as 'n
toonbeeld v. Xtus se almag & liefde, mr.
ook as bewys dat sulke stille getuies
nodig is as mense aan wie d. liefde
v. Xtus betoon ~~moet~~ kan word! [Vb. siekes, on-
geskiktes, oues v dae ens.].



Ook Laz. bring sy dank – dank i/d aangesig
van dreigende onheil wat bo sy hoof saam-
pak! (Joh. 12: 10–11)

③ Martha: dienende werkende Martha – die
vrou wie se hande vir niks verkeerd gestaan
het nie, wat alles reg vat & goed doen. d.
praktiese, nugtere, d. een v.d. daad!
Ook sy kan hd. aand dank – dank deur
haar diens // Daar was 'n ander dag toe sy
ook bedien het – mr. nie wou dien nie! //
Alles is nou anders – Xtus het haar +
d. geheim v. alle ware diens geleer – d.
diens ~~deur~~ dankbaarheid & liefde! – die diens wat nie
vra om erkenning of beloning!

④ Maria: die stiele, besinnende, sensitiewe
vrou wat ~~nie~~ dien soos m. haar hande nie.
Ook sy kom om te
dien met haar hart! Ook sy kom om te
dank – mr. daar is by haar iets anders –
daar is 'n stemming v. droefhd. d. besef
van naderende onheil. d. intuisie v.d vrou
wat bemin! Xtus se smaad – op d. Lam
wat geslag moet word vir d. sonde v.d.
wêreld, d. onheilswolke wat saampak. die
gerommel v.d. naderende storm uit Jerusalem –
het Maria dit dan nie alles gehoor nie? –
Oordink nie? ~~Gemeent~~ gangewaag wat sou kom nie?
En daar doen sy wat ons hier lees:
terwyl d. dinee a.d. gang is staan sy stil-
letjies op & haal haar plek. neem d. albasfles m.
kosbaar – geurende salf, breek dit oor d.
hoof v.d. Meester & droog sy voete . . . . .

- Die waarde v.d. salf: 300 denarii = 300 werksdae se loon = 1 jaar se salaris (uitspraak)

→ En d. geur v.d. salf d. vertrek vul,
In dd. oomblik word d. feessaal van Simon d. melaatse 'n tempel waar 'n Hoëpriester gesalf word vir sy taak!
In dd. oomblik word Maria d. middpt. van almal se aandag. Haar daad - 'n woordelose daad van dank & diens - word 'n woordelose oordeel van elke gas se lewe, se inn. waarde!
In dd. oomblik word d. feessaal - sonder dat Maria dit so bedoel - 'n hofsaal waarin 'n bittere beskuldiging uitgeslinger word - 'n meesterlike verweer gelewer word - waarin elkeen se lewe gestel word voor d. regbank v God:
Simon - Laz - Martha - diss's - Judas!

→ Hemel mag lê nie opgesluit in 'n enkele hoofdesdaad van 'n vrou! Hoeveel woordelose dade v. offerande & diens word elke dag in kamers & kombuise verrig - om talle huise te vul m.d. geur v.d. salf!

→ Hoeveel innighd & diepte kan 'n kleinvrou nie gee deur haar aandeel aan 'n dinee of 'n môretee - om van 'n groep vroue nie eers te praat nie! Veel - weet d. mêr. dit altyd - as ons by hulle gaan tee drink?

- Jong dame wat met j/man uitgaan - breek d. fles - iets v.d. geur wat agterbly!



Die beskuldiging: Ons sou verwag het dat d. stilte nd oomblik sou plekmaak vir wd. van hulde / lofpr.: skerp sny d. sinsnede deur d. swanger atmosfeer: „Waarom hd. vermorsing?" & „Waarom d. salf nie verkoop?"
Gereed om uit Judas se keel af te spring: „ondankbare bees".

→ Manne so gou & haastig vir Judas v.d. bord wil afvee in 'n oordeel nie - Judas het 'n groot familie:
- die mens wat dankbaarheid meet in terme van geld: is hy nie ook 'n Judas?
- die mens wat d. waarde van sy & ander se lewe meet in terme van hulle vermoë om gou geld te maak ens: nie ook 'n Judas?
- die mens wie se siel so vasgegroei is aan stoffl. dinge dat hy nie meer kan reik na d. ewige, d. Onsienlike: - nie ook 'n Judas?
Nee, Judas het 'n groot familie!

Die Verweer: Daar niemand wat antwd op d. beskuldiging - reageer & vir M. i/d bresse tree nie? Simon - Lazarus - Martha - dissipels?
Niemand! Die gif van Judas se wd. het in elkeen se hart ingetrek - Hemel venyn is daar nie saamgevat in 'n enkele wd!

Niemand? Ja daar is Een: „Laat haar staan", sê Hy, „want sy het 'n goeie werk aan My gedoen. Sy het dit bewaar vir d. dag van My begrafnis" Hy, in teenstelling m.d. ander, weet wat i/d hart v.d. vrou omgaan. Hy weet:

(1) Maria kon hd. ongewone daad alleen verrig omdat haar liefde groot & suiwer was. Dit was d. vrug van d. baie dae NB tee sy aan d. voete v.d. M. gesit het, geluister, ingedrink, ...

(2) Maria d. enigste wat aangevoel het wat voorlê – d. bespotting, d. kruisiging, die dood. En in haar daad van offerande het sy haar

→ Daarom neem Xtus haar in beskerming – om aan ons te leer:

(2) (1) Eers wanneer ek soos hd. vrou lank en rustig met Xtus saam verkeer het, kan ek ook so 'n offer bring. Wie nie tyd maak ~~maak~~ om aan sy voete te sit, sal nie d. liefde vind om dá. voete te salf! (Dus & d. gebrekkige geur van harte & huise!)

(1) (2) a) Martha – jy wou my dank! dien by d. tafel-dis goed: netnou sal ek d. wêreld leer wat ware diens is!

b) Simon & Laz – julle wou my dank & dien deur 'n maaltyd – dis goed: netnou sal ek ook vir julle s.^m baie ander 'n groter maaltyd voorberei! (Brood & wyn)

– Maria – jy wou my dank & dien deur jou offer – ^dis goed: netnou sal ek ook vir jou & vir d. hele wêr. 'n offer bring – d. kardoesfles v my lewe breek – wat d. geur d. hele wêr sal vul!

Amen!